



EVAN

GELIASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA
NR. 138
Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

Twyfel is onnodig

Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

(ROMEINE 8:31, 37)

ALLE TWYFEL IS ONNODIG

IS 'N KWOTA TWYFEL 'N DAAGLIKSE VANSELFSPREKENDHEID?

JY weet, hulle sê: Niemand van ons leef sonder twyfel nie. Ons twyfel oor baie dinge ... die belangrikste dinge in my lewe. Kyk maar daarna:

- Ons twyfel oor die toekoms van ons land;
- Vir hoeveel jaar sal ek nog gesond en sterk wees?
- Ons huweliksgeluk;
- My kinders se toekoms;
- Die voortbestaan van my volk en moedertaal;
- Ag, en baie meer. Almal sake wat die kern van my lewe raak.

Ja — ons vergeet dit nie — ons twyfel ook oor die groot saak, ons verhouding met God:

- wat sal ek eenmaal wees as Jesus plotseling weer op die wolke kom;
- wat sal daar van my geskrywe staan as die boeke geopen word;
- as ek vannag sterf, waar sal ek wees;
- is daar werklik 'n God, 'n hemel en ... 'n hel?
- sê nou maar ek is nie uitverkies nie .. ag, al die twyfel!

Daarom sê sommige:

- Twyfel is deel van ons bestaan.
- Twyfel is onafskeidbaar deel van my lewe.
- Niemand leef sonder twyfel nie.

Duisende word inderwaarheid daardeur verteer. Pleeg selfmoord. Raak gefrustreerd en opstandig. Kalmeerpille moet red wat daar te red is.

WAT IS JOU STANDPUNT?

Stem jy saam dat twyfel aanvaar moet word as 'n magtige lewenswerklikheid?

Het elke besluit van jou of daad of verwagting 'n ondertoon van onsekerheid? 'n Risiko element waaraan niks gedoen kan word nie.

Of stem jy saam as ek sê:

Twyfel moet uit ons lewe geban word. Twyfel is onnodig!

HOE WORD TWYFEL OORWIN?

Daar is net een manier:

Alleen deur Jesus Christus kan alle twyfel oorwin en uit ons lewe geban word.

Hoe só? — vra jy.

Wel, Jesus het nooit getwyfel nie.

Hy het nie twyfel geken nie. In geen een van sy besluite, dade of verwagtinge was daar onsekerheid van wat sou word nie. Dit was só omdat Hy in ooreenstemming met die wil van sy Vader gehandel het. Hy was by God. Een met God. God wat alles beskik en bestuur.

En weet jy —

Hierdie sekerheid in alles gee Jesus ook aan jou en my omdat Hy ons met God kom eenmaak (versoen) het.

Niks is meer riskant nie ... want by Jesus is daar geen risiko's nie. Alles kom goed en seker uit. Maar hoe weet ek dat ek glo? Hoé vertrou 'n mens op God?

Wel, geloof en vertrou is ook geskenke wat Jesus jou moet gee. Jy kan dit met geen geld of vernuf koop nie.

Maar Christus self sê in Markus 9:23-25 dat hy sy geskenke uitdeel aan almal wat hulle menslike swakheid, broosheid, twyfel, gevoel van niksheid eerlik voor Hom neerlê. Hy wys die geknakte riet nie weg en die rokende lamppit blus Hy nie! En as dit dan die dag só is dat ek weet dat ek met Christus leef. Dat ek Hom liefhet. Dag na dag uit Hom en vir Hom leef. Dat Hy die spil is waarom al my woorde en handeling draai.

Ja, van daardie tyd af twyfel ek nooit weer nie. Nie oor my geloof of oor die hiernamaals nie. Nie oor die toekoms van my land en kinders nie. Ja, oor niks meer nie. Dan is ek by God deur Jesus en die Gees vir altyd. Dan het alle twyfel onnodig geword!

Ds. N. P. Heystek.

TWYFEL GEDURENDE DIE VERSKILLENDE LEWENSFASES

GEDURENDE die verskillende lewensfasas is daar telkens invalspoorte waardeur Satan wil binnekom om ons in vertwyfeling te bring.

ONVOORWAARDELIK

Jesus sê dat ons soos kindertjies moet glo. 'n Kind voel hom beskerm en versorg deur sy ouers. Later beseft hy dat God die Versorger is. Die mooi van die kindergeloof is dit: Om onvoorwaardelik in God te glo net omdat Hy God is.

'n Kind wat nie liefde en geborgenheid by sy ouers kry nie, word in sy kinderlike vertroue geskok. Satan gebruik hierdie liefdelose kinderverwaarlosing om God by die kind verdag te maak, al is dit die ouers wat skuldig is. God sal van elke ouer rekenskap eis.

KAN MENS ENIGE VRAAG VRA?

Vanaf die dertiende tot die een en twintigste jaar vind die oorgang van die kinder stadium tot volwassenheid plaas. Benewens baie ander kenmerke van hierdie stadium, is een van die belangrikstes dit: Jy neem alleen 'n waarheid aan as dit beproef en deurleef is. Gedurende jou kinderjare het jy nie baie kritiek gelewer nie. Deur kritiese vrae wil mens egter jou standpunte gedurende hierdie oorgangsfase formuleer.

Opsigself is hierdie kritiese houding van jongmense goed. As Satan dit egter as 'n invalspoort gebruik, maak hy van hierdie kritiese houding eiewysheid. Satan maak mens wys dat jy enig iets kan bevraagteken en uitredeneer. As iets nie heeltemal deursigtig en logies is nie, beskou jy dit as onwaar. Omdat God nie deur ons redenasies omvat kan word nie word die waarheid van God betwyfel.

Ons kritiese ingesteldheid moet egter ook gerig word deur God en sy Woord. Die Bybel leer baie duidelik dat God vir ons logiese denke onbegrypbaar is. Jes. 40:12-26, Rom. 11:33-36. Nie net daardie dinge is waar wat ons kan begryp nie. Dan sou baie min dinge waar wees. Al gaan God bo ons begripsvermoë uit, bly Hy waar en waaragtig.

Met ons denke styg ons nie uit tot God nie. Hy kom na ons toe. Deur die Bybel sluit Hy by ons begripsvermoë en kommunikasiemedie aan. Hy het ook sy Seun gestuur, die vleesgeworde Woord, om ons dit van God te kom openbaar, wat vir ons nodig is om te weet.

Jy mag nie enige vraag stel nie. Ons vrae oor God en sy werk mag nie buite die perke van die Bybel gaan nie. Dit is dus nie net die antwoorde wat beperk is nie, maar ook die vrae. Wie met sy denke God probeer uitredeneer, is net so dwaas as iemand wat met sy fiets maan toe wil ry. Die middel tot jou beskikking korreleer nie met die doel wat jy nastreef nie.

IS JOU LEWENSBEGINSSEL ONAANTASBAAR?

'n Mens behoort vanaf jou een-en-twintigste jaar volwasse te wees. Ware volwassenheid bestaan uit geloofsvolwassenheid. Jy handel dan in wysheid. Die vrees van die HERE is die

beginsel van die wysheid.

Wie egter 'n wysheid los van God soek, val in vertwyfeling. Alle wysheid los van God is binne die bereik van Satan. Satan tas al die selfgemaakte lewensfondamente aan.

Kol. 3:3 sê dat ons lewe saam met Christus verborge is in God. Verborge beteken: om onaantasbaar te wees. Ons lewe en lewenswysheid is buite bereik van Satan deur die geloof in Christus. Alle invalspoorte is vir hom toegesluit. Dit vra egter dat 'n mens jou daaglik sal toerus met die regte wapenrusting Ef. 6. Daar is nie iets soos geloofsoutomate nie. Geloof beteken werk, gebede en stryd.

TEVERGEEFS?

Die ouderdom het baie vraagstukke. Daar is egter nie 'n vraagstuk wat vir 'n oumens soveel vertwyfeling bring as die woord, tevergeefs nie. Sommige vra: Waarom moet ek so ly? Het ek die Here tevergeefs gedien? Andere vra: Wat is die sin van hierdie gebroke lewe tydens die ouderdom? Ek leef tevergeefs, ek is niks werd nie.

Hierdie woord, “tevergeefs” kan verterend werk. 1 Kor. 15 bring alle arbeid en alle lyding onder die lig van die opstanding van Christus. Vers. 58 sê: Julle arbeid in die Here is nie tevergeefs nie. Ons stuur nie af op 'n niks nie, maar op die groot opstandingsdag. Dit maak elke moment sinvol.

SOOS 'N KIND

Die duiwel probeer dwarsdeur ons hele lewe God by ons verdag maak. Die antwoord daarop is: Glo soos 'n kind! Mk. 10:15. 'n Kind glo in God omdat God, God is. God wil in Christus ons God wees! Aanvaar dit met 'n kinderlike geloof!

C. Hattingh.

OORWINNING VAN TWYFEL

TWYFEL — WAT IS DIT EINTLIK?

Het jy jouself al ooit afgevra wat twyfel eintlik is? 'n Eenvoudige omskrywing daarvan is die volgende: As jy twyfel oor 'n saak, dan verkeer jy in **onsekerheid** daar oor. Want as jy twyfel, is dit immers onmoontlik om oor 'n betrokke saak 'n besliste ja of 'n besliste nee te laat hoor? Maar kom, ons gaan nog 'n stappie verder. Twyfel is ook 'n **siekte**. Maar dan nie van die liggaam nie, maar van die **geloofslewe**. En net soos 'n siekte van die liggaam aandag moet kry sodat daar genesing kan kom, so moet ook die twyfel as siekte van die geloofslewe aandag kry en genees word. Maar... ook hier geld dieselfde reël wat vir liggaamlike siektes geld: Genesing kan slegs plaasvind as die **regte medisyne** gebruik word. Maar jy moet ook die allerbelangrikste i.v.m. twyfel besef en dit is dat dit **'n gevolg van die sonde en daarom self ook sonde is**. Is dit nie dalk so dat jou twyfel daaruit voortvloei dat jy jou nie aan God en Sy heerlike Waarheid durf of selfs wil toevertrou nie? En is dit nie sonde nie?

AS JY TWYFEL, IS JY DAN NOODWENDIG 'N ONGELOWIGE?

Nee, nie noodwendig nie. As jy — sê maar — longontsteking het en jy dus liggaamlik siek is, is jy tog nie 'n persoon sonder 'n liggaam nie? Maar net so min is jy, as jy twyfel, noodwendig iemand sonder 'n geloofslewe.

KAN TWYFEL GENEES en OORWIN WORD?

O ja, baie beslis! Maar soos reeds gesê, kan dit alleen deur die gebruikmaking van die regte medisyne. Net soos wat jy as jy siek is 'n geneesheer gaan spreek om by hom 'n voorskrif vir die regte geneesmiddel vir jou probleem te kry, so moet jy met jou twyfel na die groot

hemelse Geneesheer wat bepaalde middele voorgeskryf het om jou te help om van jou twyfel ontslae te raak. God wat alleen by magte is om aan jou geloof te gee, is ook die enigste wat oorwinning oor twyfel in jou hart kan bewerk. Maar net soos God die geloof **deur bepaalde middele in** jou werk en versterk, so wil Hy ook deur dieselfde middele jou geloof, wat deur twyfel verswak is, weer sodanig versterk dat jy jou twyfel kan oorwin. Die middele van God is veral die Woord en die Sakramente van Doop en Nagmaal. Dit is selfs so dat jy in dae wanneer dit vir jou voel dat jy deur twyfel oorweldig word **die middele moet gebruik** omdat God **beloof** het om geloofsversterking in jou te werk.

Verstaan jy hier jou roeping? Jy mag in oomblikke van twyfel nie maar passief gaan sit en wag tot God jou miskien eendag bring tot oorwinning van jou twyfel nie.

Maar jy moet die middele waardeur God versterking van jou geloof wil bewerk aktief opsoek en in alle erns gebruik

GENEESMIDDEL NR. 1 — DIE WOORD VAN GOD

God het Sy Woord aan ons gegee sodat die Heilige Gees dit kan gebruik as middel om geloof in ons tot stand te bring en bestaande geloof te versterk. Die regte gebruik laat 'n mens groei en sterk word in die geloof. En daarom moet jy, as jy twyfel, in alle erns die Woord aangryp en die regte gebruik daarvan maak. Die regte gebruik beteken veral dat jy die Bybel gereeld en op vaste tye moet lees.

Moenie uitgaan van die gedagte dat jy sal lees as jy tyd het nie, want dan sal Satan sorg dat jy nooit tyd het nie. Gelowige selfdissipline is hier 'n noodsaaklikheid. Maar om jou twyfel te oorwin, is dit ook nodig dat jy die Bybel genoegsaam lees. Nie gou-gou 'n paar minute in 'n verlore oomblikkie nie, maar baie. Dit sal jou geweldig help om jou twyfel te oorwin.

Maar die Bybel moet ook biddend gelees word. Vra die Here om deur Sy Gees Sy Woord vir jou te open sodat jy dit reg kan verstaan. Lees ook nadenkend. Moenie so lees dat jy na yf minute glad nie meer kan onthou wat jy gelees het nie. Dit is onverantwoordelik. Jy mag tog nie onnadenkend omgaan met die Heilige Woord van God nie? Lees sistematies en nie lukraak nie en pas alles wat jy lees toe op jou eie probleme. Die Bybel is ook aan j^{ou} gerig en dit geld veral die beloftes van God wat Hy aan die strydende gelowige hier op aarde gegee het. Gryp daarom in oomblikke van twyfel die beloftes van God aan wat in Hebr. 6 : 19 „'n anker vir die siel wat veilig en vas is" genoem word. Doen dit alles biddend ook al voel jy vanweë jou twyfel nie lus om te bid nie. Daar rus 'n heerlike seën van die Here op die gehoorsaamheid aan sy bevel dat ons sonder ophou moet bid.

GENEESMIDDEL NR. 2 — DIE SAKRAMENTE

Die Sakramente van Doop en Nagmaal is ook deur God aan ons geskenk om ons twyfel te oorwin en meerdere sekerheid van geloof in ons tot stand te bring. Toe jy gedoop is, het God aan jou belowe dat Hy jou as sy kind en erfgenaam aanneem, dat die Seun jou was in Sy bloed van al jou sondes en dat die Heilige Gees jou aan Christus wil verbind en die heilsweldade van Christus tot jou eiendom wil maak. Het jy nie in oomblikke van twyfel al vergeet dat jy gedoop is en dat jy daaruit mag leef nie?

By die Nagmaal sê Christus aan jou dat so seker as wat jy die brood en die wyn neem en dit eet en drink, jy net so seker deel het aan sy liggaam en bloed en aan die verlossing en ewige saligheid wat Hy aan die kruis op Golgota verwerf het.

Watter heerlike middele het God ook aan jou gegee om jou twyfel te oorwin. Dink jy nie dat dit tyd geword het om hulle te gebruik nie? Nou maar goed, waarop wag jy dan nog?

A. Lindhout.

IS GELOOFSEKERHEID MOONTLIK?

JY vra nog!

Natuurlik is dit moontlik!

Weet jy hoekom vra jy so 'n vraag soos wat hierbo staan?

- Omdat jy van die verkeerde kant af kyk.
- Omdat jy van jouself af na die saak kyk.

Hopeloos!

Ja, as jy só na die saak kyk, dan kan jy enige sekerheid maar vergeet.

Jy sal dit nooit kry nie. Altans, nie regtig nie.

Baie soorte "geloof"

Nee, ek bedoel nie "gelowe" (iets soos "kerke") nie. Ek praat van dinge soos:

Historiese geloof

Miskien ly jy aan hierdie siekte . . . Sy simptome is: Koudheid, Verstarring

Verstandelike begrippe. Die dinge in die Bybel is historiese feite: Adam en Eva, Abraham, Dawid, Jesus, Paulus ... Daar het eenkeer sulke persone geleef en gesterf. Ek glo dit.

Tydgeloof

Dalk is dit jou probleem. Ek weet nie. Ek soek saam met jou na die oorsaak vir jou onsekerheid. Dink self bietjie daaroor...

- Jy kan vreeslik hartseer huil as jy hoor van Jesus se liefde.
- 'n "Mooi preek" roer jou hartsnare.
- Jy voel half skuldig en neem jou voor: Van nou af gaan ek 'n beter mens word . . .

Maar ag, dis nie lank nie, dan droog jou trane weer op.

En dan is alles maar weer soos dit was.

Wondergeloof

Miskien voel jy:

As daar maar net 'n wonderwerk kan gebeur, dan sal ek seker wees!

Ek wens iemand wil vir my bid dat ek op 'n bonatuurlike manier kan uitkom uit hierdie onsekerheid . . .

Opgesom

As jy mooi kyk na hierdie soorte "geloof", dan sal jy sien: Almal begin by die verkeerde adres Almal maak staat op jou:

- JÓÚ verstand wat die Bybel koud-histories glo
- JÓÚ trane oor Jesus se liefde
- 'n Wonderwerk wat met JÓÚ moet gebeur.

Hoe pateties!

Want hoe onbetroubaar is jy en ek tog nie!

Vandag glo jy, môre wonder jy, oormôre weet jy nie of jy ooit geglo het nie ...

Die kaalkop-waarheid

JY EN EK KAN NIE SELF GLO NIE!

JY EN EK KAN NIE SELF NA GOD TOE GAAN NIE!

Nou maar hoe dan?

Regte adres: God

Begin by Hom.

Wie is Hy?

- Hy is die Waarheid
- Hy is betroubaar.
- Wat Hy belowe, gee Hy.
- Wat Hy sê, doen Hy.

Wat sê Hy?

"Uit genade is julle gered deur die geloof en dit nie uit julleself nie, dit is 'n gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie" (Efesiërs 2:8 en 9).

Wat is ware geloof dan?

Dit is:

Om te vat wat God gee

Om God op sy Woord te neem.

En Hy gee alles!

Lewe wat vir altyd duur.

Vergiffenis van alles wat tussen Hom en jou staan.

Verniet!

Jy hoef dit nie te koop of te verdien nie!

Kyk!

Sy eie Seun, Jesus Christus het in Sy bloed aan die kruis op Golgota gesterf om jou met God te versoen.

En Hy het weer uit die graf opgestaan om jou vir ewig te laat lewe.

Hoe kry ek hieraan deel?

Vra Hom!

Sê aan God: "Here, ék kan nie sêlf glo nie. Leer U my glo! Amen." En wag.

Bid weer: Oprek uit jou hart uit hoor! Die Here luister nie as jy probeer bluf nie. "Vader, leer my glo in Jesus Christus. Maak my hart oop vir U Heilige Gees! Amen." En wag. Bid weer en weer en weer.

En gaan lees sy Woord

Hier is 'n paar riglyne vir 'n begin:

Filippense 1:3-6, 9, 29, II Korintiërs 1:18-22, Matteüs 6:5-13, Lukas 11:9-13.

Jy sal al meer en meer geloofsekerheid ervaar!

Johan Botha.

DIE GEHEIM VAN GELUK

IS JY GELUKKIG?

Dit is mos vir jou belangrik dat dit met jou goed sal gaan. Jy wil mos ook graag gelukkig wees.

Dit is tog die wens van elke mens — dat dit met hom goed gaan en dat hy gelukkig sal wees.

Maar is jy gelukkig?

Jy kyk mos die lewe skepties aan.

Soveel ongeluk het jou al getref.

Soveel teëspoed.

Jy het al baie gedink dat as die Vader in die hemel genadig is, Hy tog nie vir jou so baie ongeluk en teëspoed sou stuur nie.

VERSEKERING

Nou wil ek jou net die versekering gee:

— Dit kán met jou goed gaan;

— jy kan óók gelukkig wees!

Jy moet net luister na wat die Bybel vir jou sê: "Wie ag gee op die Woord, sal die goeie vind

en hy wat op die Here vertrou, is gelukkig." (Spr. 16:20).

VOLLE AANDAG

Dit sal met jou goed gaan as jy ag gee op die Woord van die Here

Jou volle aandag word gevra vir wat die Bybel vir jou wil sê.

Jy moet noukeurig luister na wat die wet van die Here jou beveel om te doen en ook beveel om nie te doen nie.

— Jy moet die Here liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.

— Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Dan sal dit met jou goed gaan.

VOLLE VERTROUE

As jy jou volle aandag gee aan wat die Woord van die Here vir jou sê, dan sal jy ook ten volle op die Here vertrou.

- Dan ken jy mos Sy stem.
- Dan hoor jy Hom mos elke dag met jou praat in Sy Woord.
- Dan is Hy mos nie vir jou vreemd nie.
- Dan weet jy mos dat Hy doen wat Hy belowe.
- Daarom kan jy alles doen wat Hy van jou vra, omdat jy Hom vertrou.
- Dan sal jy gelukkig wees.
- Jy sal in die vertroue lewe dat die Here jou óók in die donker dae van beproewinge nie alleen sal laat nie.
- In dié tye sal jy Sy stem van vertroosting hoor — as jy die Bybel lees.

WAAR IS JOU BYBEL?

As dit met jou weer sleg gaan en jy is ongelukkig ... Kyk bietjie of jy nie die Bybel toegemaak het in jou huis nie?

Het jy nie dalk die stem van die Here stilgemaak in jou lewe nie?

- Daarom vertrou jy nie meer op die Here nie.
- Sy stem is vir jou vreemd, en mens vertrou nie op 'n vreemde nie.
- Daarom bid jy ook nie meer nie.
- Daarom glo jy ook nie meer dat jou ongelukkige huwelik of jou persoonlike probleme opgelos kan word nie.

VALSE VERTROUE

Jy soek hulp by mense.

Jy vra oral raad en dit help jou niks nie.

Jy vertrou op jou eie kragte en vermoëns — jy volg jou eie kop — maar elke keer loop jy jou vas.

Dit gaan nie goed met jou nie.

Jy is ongelukkig.

BEGIN NOU ERNSTIG

Maak tog jou Bybel oop en lees.

Nie sommer vlug en rond en bont nie.

Gee ag — luister noukeurig na wat die Here vir jou sê.

Vertrou Hom, maar ook as jy in beproewing kom.

Doen wat Hy jou beveel.

In teespoed en in voorspoed sal Sy Woord jou lei.

Dan sal dit weer met jou goed gaan . . .

... en jy sal weer gelukkig wees.

Kotie de Jager.

JESUS CHRISTUS ...DIE BRON VAN SEKERHEID

TWYFEL

Twyfel is iets wat so uitstekend pas in ons eeu en in ons wêreld, waar alles so onseker skyn te wees. Wie in hierdie verwarrende tyd leef, moet van klip wees as hy nie soms die twyfel in hom voel opkruip nie. Nee, laat ons dit maar erken: As ons aan die toekoms dink, dan bekruipt die twyfel ons. Ons binneste vertoon dan die beeld van 'n onstuimige see waarin die gedagtegolwe maal en bruis.

PAULUS SE ANTWOORD

Luister egter na die woorde van die apostel Paulus: "Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie" (Romeine 8:38, 39).

Paulus is seker van die liefde van God in Christus Jesus, onse Here. Die liefde van God is soos 'n rots te midde van stormwaters — 'n rots wat altyd vas bly staan. Sterk en liggend staan die liefde van God jou altyd helder voor oë, ook in die grootste stryd en swaarste aanvegtinge. Ek is versekerd dat NIKS my kan SKEI van die liefde van God nie.

Selfs nie die dood nie! Nie my eie dood nie. Ook nie die dood van my naasbestaendes nie. As daar 'n mag is wat skeiding moes teweegbring, dan is dit juis die dood. Die dood maak skeiding tussen liggaam en siel. Die dood maak skeiding tussen man en vrou, tussen ouer en kind. Maar van die liefde van God kan selfs die dood ons nie skei nie, want Jesus Christus het die dood oorwin. God se liefde reik oor dood en graf heen.

Ook die lewe kan ons nie skei van God se liefde nie — die lewe met al sy stryd, met al sy eensame worstelinge en onsekerhede.

Geen magte in die hemel of op die aarde kan ons skei van die liefde van God nie. Ook geen hoogte of diepte nie, want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is God se goedertierenheid oor die wat Hom vrees.

Geen skepsel sal ons kan skei van God se liefde nie. Al sal alle menslike kontak afgesny word en ek in my alleenheid staan, dan nog is ek seker van God se liefde.

DIE GROND VIR GELOOFSEKERHEID

Maar wat is die grond vir hierdie geloofsekerheid? Paulus sê dat hy versekerd is van die liefde van God IN CHRISTUS JESUS, ONSE HERE!

IN CHRISTUS — dit beteken: Op grond van Christus se verdienste aan die kruis het God ons Sy kinders gemaak. God het ons dus lief ondanks onself. Daarom is Paulus so seker van God se liefde, omdat God ons uit vrye genade liefhet, alleen VANWEEË Jesus Christus. In ons plek moes Jesus Christus aan die kruis dit uitroep: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" sodat ons onder alle lewensomstandighede verseker kan wees van God se liefde.

Wat 'n ryke besit in 'n wêreld waarin ons van alles onseker is. Onseker van aardse geluk. Al word ek geskei van alles wat vir my dierbaar is, sonder God en Sy liefde sal ek nooit wees nie.

- Nie vandag nie,
- Nie môre nie!
- Ook nie tot in ewigheid nie!

Pieter Enslin.